BYBELSTUDIE OPENBARING LES 26.

Om die sewende trompet te verstaan, moet ons weer kortliks na die eerste ses trompette gaan kyk. Saam met die seëls blaas hierdie trompette gedurende die tyd van swaarkry op aarde volgens Openbaring 8-9. In beeldryke taal beskryf hierdie visioene hoedat chaos heers in die skepping gedurende die eindtyd. Nou word nie net meer 'n kwart nie, maar 'n derde van die wêreld met God se oordele getref. Nogtans is daar steeds genade: nie alles word vernietig nie. Met die eerste drie trompette verneem ons van hael en vuur wat met bloed vermeng is wat die land tref [8:7]. Ook die see word getref en verander in bloed [8:8-9]. Volgens 8:10-11 word die vars water bitter. Die benaming Bitterals vir hierdie natuurramp beteken dat swaarkry deur almal geproe word as deel van God se straf. Met die vierde trompet in 8:12 vind 'n kosmiese verduistering plaas.

In vers 13 hoor ons die wee-uitroep van 'n arend hoog in die lug. Dit staan teenoor die hemelse lofroep in 4:8. Dit wys op die lyne van God se genade tussen sy straf oor die sondige wêreld. Waarskuwings word immers nog uitgedeel.

Met die blaas van die vyfde trompet [9:1-11] val 'n ster op die aarde wat moontlik verwys na Satan. Hy ontvang die sleutel na die bodemlose put of onderwêreld. Die onderwêreld is die woonplek van bose magte. Met die oopsluit, word die grens tussen die goddelose magte en die mensewêreld nou opgehef. Bose magte stroom die wêreld in. 'n "Godsverduistering" vind plaas as bose sprinkane op die toneel verskyn [Eks.10:1-20; Joël 2]. Vir 'n gedeelte van 42 maande [of 1260 dae – tydperk van die eindtyd], oefen hulle mag uit. Hulle teiken is nie-gelowiges. Hierdie sprinkane simboliseer sataniese wesens. Daarom dat hulle ook met skerpioene vergelyk word [Luk.10:19; 11:12]. Boonop is hulle sataniese aanvoerder Abbadon [Hebreeus] of Appalion [Grieks], wat beteken "Vernietiger".

In Openbaring 9:13-21 weerklink die sesde trompet wat vier engele loslaat wat by die Eufraat ingeperk is. Die Eufraat is simbool van die grens tussen die kerk en die wêreld. Vers 17-19 bied 'n opstapeling van skrikwekkende beelde, wat nie een vir een uitgelê moet word nie, maar in die geheel gesien moet word as uitdrukking van die oorweldigende aard van die straf wat hierdie ruiters op die sondige wêreld loslaat. Hierdie straf is nie op God se kinders gemik nie [20-21]. Die verskriklike is dat geen bekering plaasvind nie. Teen die eindtyd [voor die wederkoms] gaan sonde en goddeloosheid net toeneem.

Maar wat is die plek van die sewende trompet? Openbaring wil nie gelowiges isoleer van die gevare en stryd wat die eindtyd kenmerk nie. Ons moet weet: God het nie sy wêreld prysgegee aan die bose magte nie. Ook probeer Hy nie om ons as gelowiges sodra moontlik hier weg te kry nie. Nee! Die aarde behoort aan God. Dit is waarvoor die Messias gesterf het: om vir Hom 'n nuwe volk te versamel en om die skepping nuut te maak. Dan kom Hy met lofsang terug. Almal wat gesterf het, sal opstaan en geoordeel word. Só sal God vir ewig as Koning heers.

BYBELSTUDIE OPENBARING 11:14-19.

1. LEES: Vers 15; Johannes 12:31; 16:11; 2Korintiërs 4:4; 1Johannes 5:19; Matteus 12:28 en Lukas 11:20 [Koninkryk beteken heerskappy], Kolossense 2:15; 1Petrus 5:8.
   Vers 15 moet liewer soos volg vertaal word: *NOU het die heerskappy oor die hele wêreld die eiendom geword van ons Here*.
   Hierdie *nou* beteken dat iets beslissends gebeur het. Wat het gebeur sodat die wêreld weer die eiendom van God kan word?

2. LEES: Vers 15; Lukas 2:13-14; Openbaring 11:18.
   In Lukas 2:13-14 lees ons van Jesus se eerste koms en van 'n hemelse koorsang. Saam met watter groot gebeurtenis gaan die koorsang van Openbaring 11:15?

3. LEES: Vers 15; Johannes 10:30; Openbaring 14:4; 20:6; 21:22; 22:1; Daniël 7:13-14; Sagaria 14:9.
   In vers 15 word bely dat die Koninskap oor die wêreld aan ons Here en sy Gesalfde behoort en **Hy** sal as Koning heers vir altyd.
   Wie sal na die wederkoms as Koning heers?

4. LEES: Openbaring 11:16-17; 1:4,8; 4:8.
   Die 24 ouderlinge, simbolies van die gelowiges, val op die gesig in aanbidding voor God neer en loof Hom vir die finale oorwinning wat nou voor die deur is. Hulle besing God **wat is en wat was**. Wat is besonders van hierdie deel en wat beteken dit?

5. LEES: Vers 18.
   Die "eindtyd" [kairos] waarvan vers 18 praat, dui op 'n spesifieke geleentheid of 'n oomblik van beslissing. So dui die eindtyd in vers 18 op die wederkoms en spesifiek die volgorde ná die wederkoms. Hierdie volgorde word pragtig in vers 18 aangedui. Kyk of u die volgorde kan vind.

6. Volgens vers 18 ontvang vyf groepe mense 'n loon. Wie is dit en wat beteken dit?

ANTWOORD.

1. Die werklike betekenis van die Griekse werkwoord in hierdie vers, dwing ons om vers 15 te begin met "nou". In die Nuwe Testament word die duiwel die "owerste van hierdie wêreld" genoem en ons lees dat "die hele sondige wêreld in die mag van die duiwel is" [Joh.12:31; 16:11; 2Kor.4:4; 1Joh.5:19]. Dit is in die lig hiervan nie vreemd dat Jesus, juis wanneer Hy duiwels uitdryf, aankondig dat die koninkryk [heerskappy] van God gekom het nie [Matt.12:28; Luk.11:20]. Dit beteken dat Jesus besig is om God se heerskappy, wat die duiwel van Hom "beroof" het [Matt.12:29], terug te neem. Met Jesus se kruisiging en opstanding het God die bose magte ontwapen en as gevangenes meegevoer in die triomftog van Christus [Kol.2:15]. Natuurlik het die stryd nog voortgeduur soos ons telkens in die sendbriewe lees [1Pet.5:8]. Maar skielik lees ons nou in Openbaring 11 vers 15: Nou het die hele wêreld die eiendom geword van ons Here! Dit beteken: die duiwel is finaal onttroon. Sy heerskappy oor die wêreld is beëindig. Jesus Christus het finaal teruggeneem wat altyd aan God behoort het.
2. Met die wederkoms van Jesus Christus. Dit staan voorop in vers 15. Jesus se eerste koms is begroet met hemelse koorsang toe die engele God geprys het. Ook met sy tweede koms [15] luister ons na hemelse koorsang. Vanaf vers 18 volg die opstanding en die oordeel.
3. Tussen God die Vader en sy Seun Jesus Christus, is daar 'n besondere eenheid [Joh.10:30; Op.14:4; 20:6; 21:22; 22:1]. Om as Koning te heers behoort aan beide. Die lied van vers 15 beklemtoon God se plan om in die hemel en op die aarde as Koning erken te word. Ná hemelvaart en wederkoms word Jesus Christus se koningskap werklikheid. Die gevolg is dat Hy nou vir altyd as Koning sal regeer. Die "tydelike heerskappy" van die sonde maak na Christus se wederkoms plek vir die ewige koningskap van die Vader en die Seun [vgl. Dan.7:13-14; Sag.14:9].
4. In 1:4,8 is God besing as die Een wat is en wat was **en wat kom**. In 11:17 word die laaste deel [en wat kom] weggelaat omdat Hy reeds gekom het. God is reeds besig om sy alleenheerskappy uit te oefen. Hy gebruik sy groot mag om as Koning te heers.
5. In vers 15 vind ons die wederkoms van Jesus Christus. Daarop volg vers 18 en in vers 18 vind ons die volgende:
   - Die opstanding van die dooies wat geoordeel word.
   - Die oordeel self.
   - Die bekendmaking van elkeen se bestemming [loon en vernietig].
6. Slawe, profete, gelowiges, die wat God vrees, klein en groot.
   Die gedagte is dat daar by die eindoordeel geen onderskeid gemaak word tussen profete en "gewone" gelowiges nie. Almal ontvang dieselfde verlossing in Christus en is daarom gelyk voor God.